

West Coast Resources

WEST COAST RESOURCES GOED OP DREEF

Met West Coast Resources se finale herwinningsaanleg by Kleinzee al amper ses maande in gebruik, skud die maatskappy sy vere reg vir die volgende mylpaal in sy produksieplan – die finalisering van die Mitchell's Baai-aanleg later vanjaar.

Mynbou

Die konstruksie van 'n mobiele proefaanleg by Koingnaas is reeds in Mei vanjaar afgehandel. In aanloop tot produksie, wat na beraming vroeg in 2016 sal afskop, toets die eksplorasië- en boorspan met behulp van hierdie aanleg tans beskikbare hulpbronne in the Mitchell's Baai-omgewing.

Die opknop van 'n bestaande aanleg by Mitchell's Baai vorm deel van 'n nuwe produksie-aanleg wat hier beplan word. Bouwerk is reeds begin en sal waarskynlik in Oktober vanjaar afgehandel word, waarna die aanleg oor 'n tydperk van drie maande gereed sal maak vir volskaalse produksie in die nuwe jaar.

Werkskepping

Teen einde Junie is 91 permanente poste en 60 deeltydse poste reeds geskep as gevolg van maatskappybedrywighede.

Plaaslike inwoners maak 87% van die West Coast Resources personeelgetal uit en vrouens 10%.

Die Koingnaas-kantoor het onlangs administratiewe personeel verwelkom toe 'n rekenmeester, verskaffingsbeampte en beplanner aangestel is en 'n nuwe menslike hulpbronne-bestuurder het aan die begin van hierdie maand by hulle aangesluit.

Die maatskappy het ook sy langverwagte leerlingopleidingsprogram afgeskop. Ongeveer 25 plaaslike jeug tussen die ouderdom van 18 en 25 is op 'n kontrakbasis aangestel en sal nou grondverskuiwingsoperateur-opleiding ontvang. Na afloop van 'n drie-maande opleiding- en evaluasieperiode sal suksesvolle kandidate vir permanente indiensneming kwalifiseer.

Verdere aanstellings sal in September vir die Mitchells Baai-aanleg afgehandel word, waarna die volgende rondte werwing vir die tweede helfde van 2016 beplan word.

Teen einde September 2015 sal die aantal permanente poste geskep tot net duskant 150 vermeerder.

Uit die oorweldigende reaksie op maatskappy-posadvertensies is 'n kandidaatdatabasis van meer as 3 500 CV's reeds gevorm. Hierdie CV's word voortaan automaties vir poste in ag geneem en die uitbou van die databasis sal in die toekoms voortgesit word.

Gemeenskapsbetrokkenheid

Die maatskappy se Maatskaplike en Arbeidsplan wat oor 'n tydperk van vyf jaar strek, is onlangs gefinaliseer en ingedien by die Departement van Mineraalhulpbronne vir goedkeuring. Gemeenskapsprojekte sal rondom die myn aangepak word met spesifieke fokus op onderrig, werkskepping en gesondheidsdienste.

West Coast Resources het reeds hulle betrokkenheid by opvoedkunde in die gebied afgeskop as medeborg van die Namasci Projek wat deur Universiteit Stellenbosch by Hoërskool Springbok aan die begin van Julie aangebied is.

Toekomstige projekte sal nes hierdie een gemik wees op die bemagtiging van plaaslike inwoners – hetsy oud of jonk – in die kort- en langtermyn. Die maatskappy is opgewonde om die res van die beplande projekte te loods in nabye samewerking met die onderskeie gemeenskappe.

Vir meer inligting oor West Coast Resources, besoek gerus die maatskappy se webwerf by www.westcoastresources.co.za